

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (43/16)

(Volg my op Twitter justchad_cga)


Justin Chadwick 18 November 2016




"In mathematics you don't understand things. You just get used to them" Johan von Neumann

SEISONALE OORSIG: SAGTE SITRUS

Soft Citrus Packed for Export



Aanvanklike skattings vir sagte sitrus gepak vir uitvoer was net meer as 11,2 m kartonne; bo 2014 & 2015 se vlakke (10 m). Die oorspronklike skatting het 'n statiese tendens vir beide Satsumas (2014 1,8 m; 2015 1.7 m & skatting 1,8 m) en clementines (2014 3,2 m; 2015 2.5 m & skatting 2.7m) getoon. Daar is geskat dat mandaryne met hul tendens – toename in volume - (2014 5m, 2015 5.8 m en skatting 6.7 m) sou voortgaan. Uitstekende marktoestande en 'n goeie gehalte het veroorsaak dat al drie kategorieë die skattings en 2015 se vlakke verby gestee het; finaal wat vir uitvoer in 2016 gepak is - Satsumas 1,9m, clementines 3.1m en mandaryne 7.2m - wat tot 'n rekord 12.2 miljoen kartonne vir die sagte sitrus oes gelei het [183 000 ton].



Die VK en Europa het 65% (2015 63%) van die groter sagte sitrus volume wat uitgevoer is, ontvang – het vanaf 'n gekombineerde 5.9 m tot 7,3 miljoen kartonne toegeneem. Suidoos-Asië het ook 'n toename in volume van 0,6 m (2015) tot 1,1 miljoen kartonne ondervind. Noord-Amerika het ook 'n toename (0,8 m 2015-1,1 m 2016) getoon. Hierdie stygings was ten koste van Rusland wat van 0,9 m tot 0,7 miljoen kartonne gedaal het. Afrika (0,3 m) en die Midde-Ooste (0,7 m) het staties gebly.

Die seisoen is deur goeie aanvraag en uitstekende gehalte gekenmerk - wat tot sterk markte en goeie opbrengste gelei het.

DR Frans Cronjé bevestig as spreker by die CGA SITRUS SUMMIT 8-9 Maart 2017

Die wêreld is 'n bietjie anders na BREXIT en die VSA verkiesings; en die scenario beplanner Dr Frans Cronje (uitvoerende hoof van die Instituut vir Rasseverhoudinge) sal oor baie inligting beskik om die CGA Summit afgevaardigdes vasgenael te hou as hy sy aanbieding getiteld "South Africa's next ten years: the rise of the right" aanbied. Dr Cronje het sy opleiding aan St Johns College in Houghton en die Universiteit van die Witwatersrand ontvang. Hy het 'n PhD in scenario-beplanning van die Noordwes-Universiteit. Hy het in die Suid-Afrikaanse Polisie gedien, het as 'n perdry-instrukteur en later as 'n houtkapper in die VSA gewerk. Hy het ook 'n jaar-lange ekspedisie voltooi wat die Afrika-kontinent van Kaapstad tot Kairo oorkruis het. Hy het by die IRR in 2004 aangesluit en die Sentrum vir Risiko-analise gestig wat spesialiseer in die gebruik van scenario's om sake-en regeringsleiers te help om besluite oor beleggings en beleid in Suid-Afrika te neem. Hy het scenarios aan meer as 100 Suid-Afrikaanse maatskappye en buitelandse beleggers aangebied. Hy is 'n assosiaat van die Sentrum vir Innoverende Leierskap - 'n vooraanstaande Suid-Afrikaanse scenario gebaseerde konsultasie maatskappy en die skrywer van "A Time Traveller's Guide To Our Next Ten Years (Tafelberg 2014)". Oor die afgelope twee jaar is sy jongste scenarios wat Suid-Afrika in 2024 beskryf aangebied aan 'n geskatte 20 000 mense oor drie kontinente en was invloedryk in die vorming van 'n beleggerspersepsie teenoor Suid-Afrika. Sy werk word wyd in die media van die Volksblad tot Wall Street Joernaal aangehaal. Hy skryf ook 'n kolom vir die Rapport. **Registreer nou by www.cga.co.za en maak seker dat jy deel is van die toekomsplanne vir Suider-Afrika se sitrusbedryf.**

SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY